

Bybel vir Kinders

bied aan



Noag en die
Groot Vloed



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus
Alastair Paterson

Aangepas deur: M. Maillot; Tammy S.

Vertaal deur: Hannelie Niemandt

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2020 Bible for Children, Inc.

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te
druk maar u mag dit nie verkoop nie.



Noag het God aanbid. Al die
Ander mense het vir God
gehaat en was ongehoorsaam
aan Hom. Eendag het God
iets skokkend vir Noag gesê

"Ek gaan hierdie
sondige
wêreld
verwoes."
"Net jou

familie
sal luister en
gered word."



God het Noag gewaarsku dat 'n groot vloed gaan kom wat die hele aarde gaan toemaak. Bou 'n hout ark, 'n groot boot sodat jy en jou familie en al die diere daar in kan bly. Noag het gedoen wat God bevel het. God het vir Noag presies gesê hoe die ark gebou moet word.

Noag was baie besig.





Die mense het vir Noag
gespot, terwyl hy vir
hulle vertel het
hoekom hy die ark
maak.

Maar
Noag het
aangehou bou.
Hy het ook
aangehou om vir die
mense van God te
vertel. Maar niemand
het geluister nie.



Noag se geloof was groot. Hy het God geglo al het hy nog nie geweet wat reën is nie, omdat dit nog nooit vantevore op die aarde gerëen het nie. Die Ark was uiteindelik gereed om alles in te laai.



Nou het die diere na die Ark gekom. God het hulle laat kom, die rein diere het sewe pare gekom en van die onrein diere net een paar. Voëls groot en klein, groot diere en klein diere het na die Ark gekom.



Die mense het vir Noag gespot terwyl hy die diere elkeen op hulle plekke in die Ark laat ingaan het. Hulle het nie opgehou om sonde teen God te doen nie en ook nie in die Ark ingegaan nie.






Uiteindelik was al die diere en die voëls in die ark. God het vir Noag gesê, "gaan jy en jou familie in die ark in."

Noag en sy vrou en sy drie seuns en hulle vrouens het ingegaan en God het die ark se deur gesluit.





Toe het die reën
gekom. Dit het vir
veertig dae en
nagte gereën.






Die vloed
het oor die dorpe
en die mense gespoel. Toe die
reën stop was tot die berge onder
water. Alles wat asemgehaal
het was dood.



Soos die water hoër geword het het die ark bo-op die water gedryf. Dit moes seker donker in die ark gewees het mikien skrikkerig. Maar die Ark het vir Noag en sy Familie en diere veilig gehou.





Na vyf maande van vloed het God 'n
wind gestuur om die aarde droog te
waai. Eendag het die ark op 'n hoë berg
wat se naam Ararat was gestop.

Noag het nog verder vir veertig
dae in die ark
gebly om vir
die water
te wag

om
weg
te gaan.



Noag het 'n kraai en 'n duif by die oop venster uitgestuur. Omdat die duif nie 'n droë plek kon kry om te rus nie het hy terug gekom na Noag en die ark.





'n Week later, het Noag
weer 'n duif uitgestuur,
die duif het hierdie keer
met 'n vars olyfboom se
takkie in sy bek terug gekom.
Die volgende week het Noag
geweet dat die aarde droog
is toe die duif nie weer
terug gekom het nie.



God het vir Noag gesê dit is tyd om uit die ark uit te gaan. Saam het Noag en sy familie die diere uit die ark uit laat gaan.



Noag moes baie
dankbaar gewees
het! Hy het 'n
Altaar gebou en
vir God aanbid.
Omdat God hom
en sy familie van
die nare vloed
gered het.





God het vir
Noag 'n wonderlike
belofte gegee.
Dat hy nooit weer
'n vloed sal stuur om
mense te straf vir hulle
sonde nie.

God het 'n teken
gegee om ons aan
daardie belofte te
herinner. Die
reënboog is die
teken van die
belofte.

Noag en sy familie
het 'n nuwe begin
gemaak na die vloed. Noag se
nageslagte het weer die aarde
volgemaak met mense. Alle
nasies het van Noag
en sy familie
afgekom.



Noag en die Groot Vloed

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Genesis 6-10

"Die lees van die Woord gee lig."

Psalms 119:130



Die Einde



Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16

